CAPE WINELANDS DISTRICT
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA

TELEFOON/TELEPHONE/UMNXEBA: 086 1265 263
TRAPPESSTRAAT 51 TRAPPES STREET WORCESTER OR DU TOITSTRAAT 29 DU TOIT STREET, STELLENBOSCH

**<u>AANSOEK OM DIE UITREIKING VAN 'N GESKIKTHEIDSERTIFIKAAT VIR 'N BEGRAFNISONDERNEMERSPERSEEL OF LYKSHUIS INGEVOLGE REGULASIE 4(1)(a)</u>**

1. Ek.........................................................................................,ID-nommer ..........................., hierna verwys na as die aansoeker, doen hiermee aansoek om 'n geskiktheidsertifikaat vir 'n

| | |
|---|---|
| **begrafnisondernemersperseel** | |
| **lykshuis** | |

***Dui die gepaste seleksie met 'n X aan***

ingevolge regulasie 4(1)(a) van die Regulasies t.o.v. die Hantering van Menslike Oorskot, R363 van 22 Mei 2013, soos gepromulgeer kragtens artikel 68(1)(b) en saamgelees met artikel 90(4) van die Nasionale Wet op Gesondheid, 2003 (Wet No. 61 van 2003).

2. Aansoeker se volledige adres:

………………..……………………………………………………………………...…

…………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………….……………..

3. Die perseel is geleë te (straatadres)

……..………………………………………………………………………………

…….……………………………………..en erfnommer ………………

4. Aangeheg vind die volgende dokumente soos deur regulasie 4(2)(b) vereis:

a) 'n Beskrywing van die perseel en die ligging daarvan;
b) 'n Volledige vloerplan van die voorgestelde konstruksie of bestaande geboue op 'n skaal van 1:100;
c) 'n Blokplan van die perseel waarop ware noord aangedui word, asook aanliggende persele wat reeds deur die aansoeker of ander persone gebruik word en vir watter doel sodanige persele gebruik word of gebruik gaan word; en

5. Besonderhede van enige persoon buiten die aansoeker of enige van sy werknemers wat menslike oorskot op die perseel sal voorberei.

| Naam | ID-nommer | Woonadres |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

6. Publisering van ’n kennisgewing

Ek neem kennis van regulasie 4(1) van die regulasies en het 21 dae voor ek die aansoek ingedien het ’n kennisgewing in een van die amptelike tale in ’n nuusblad gepubliseer wat hoofsaaklik in daardie taal verskyn, en in ‘n tweede amptelike taal in ’n nuusblad wat hoofsaaklik in laasgenoemde taal verskyn, waar elkeen van die genoemde sirkuleer in die gebied waarin die betrokke perseel geleë is.
of
waar afsonderlike nuusblaaie in elk van die amptelike tale nie so gesirkuleer word nie, ’n kennisgewing in albei amptelike tale in ’n nuusblad wat so gesirkuleer word, gepubliseer.

Sodanige kennisgewing het inligting bevat dat ’n aansoek om die uitreiking van ’n geskiktheidsertifikaat ingevolge die regulasies by die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit ingedien is en dat enige persoon wat deur die gebruik van sodanige begrafnisondernemersperseel of lykshuis geraak sal word en beswaar teen sodanige gebruik wil maak, sy beswaar, met gemotiveerde vertoë, skriftelik binne 21 dae na die publikasie van sodanige kennisgewing by die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit, Posbus 100, Stellenbosch 7599 aanhangig moet maak.

………………………………………… ……………………………
**AANSOEKER** **DATUM**

**<u>LET WEL:</u>**

1. ***Geen onvolledige aansoek of ’n aansoekvorm ten opsigte waarvan alle items gelys in afdeling 4 nie die aansoek vergesel nie sal verwerk word nie.***
2. ***’n Afskrif van die twee kennisgewings in albei tale, soos hulle in die koerant(e) verskyn het, tesame met die name van die genoemde koerant(e) en die datum waarop die kennisgewings in die genoemde koerant(e) verskyn het, moet saam met hierdie aansoek ingedien word.***

**Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No 4 van 2013)**

Die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit voldoen aan die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No 4 van 2013) en die regulasies wat daarvolgens uitgevaardig is ("PoPI Act") en alle persoonlike inligting verskaf sal vir die doel van die aansoek en verwerking daarvan veilig bewaar en/of gestoor word.

Deur u aansoekvorm aan ons te voorsien, verstaan en stem u in tot die volgende:

- Alle persoonlike inligting wat u aan ons voorsien, vir die doel van die aansoek, sal veilig bewaar en/of gestoor word.
- U persoonlike inligting sal elektronies in 'n databasis gestoor word.
- U het geen beswaar daarteen dat die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit u persoonlike inligting bewaar nie.
- Alle persoonlike inligting wat u aan ons voorsien, sal slegs gebruik word vir die doel waarvoor dit ingewin is.
- 'n Afskrif van die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit se beleid oor Beskerming van Persoonlike Inligting kan besigtig word by www.capewinelands.gov.za